Health • Rural Development • Employment • Safety & Security • Education

# Vuk'uzenzele

JOBS INSIDE:

Produced by Government Communications (GCIS) Afrikaans/English | September 2016 Edition 2



Deputy President Cyril Ramaphosa (centre), Minister Nkosinathi Nhleko, and Acting National Commissioner Kgomotso Phahlane during the South African Police Services' Annual Commemoration Day.

# Police officers honoured

**Neo Semomo**

Deputy President Cyril Ramaphosa says the killing of police can never be justified and must come to an end.

"We must build a culture that values police that sees them not merely as public servants, but as courageous men and women who have answered a calling."

The Deputy President was speaking during the National Commemoration Day ceremony to remember members of the South African Police Service (SAPS) who lost their lives in the line of duty. The ceremony was held in honour of police officers who lost their lives between 1 April 2015 and 31 March 2016.

He added that citizens should work together to create a nation that cares for each other.

"Together we must build a nation that values the sanctity of life and protects the most vulnerable.

"We ask our nation to unite in saying that the murder of our police officers is unacceptable and it must end.

"The death of one police officer is one death too many. It is thus heart-breaking to learn that during the last year 72 members of the police service lost their lives, 40 of them in the line of service," said Deputy President Ramaphosa.

The youngest of the police officers who lost their lives was Constable Sabelo Manyanga (28) who was shot two days before Christmas last year while on duty in KwaZulu-Natal.

He had three children with the youngest being one month old.

The Deputy President said the murder of police officers should not only be condemned but that communities should commit to working with the justice system to ensure that those who commit these crimes pay for their deeds.

"Communities have a vital role to play. By participating in Community Policing Forums they can have a voice in local policing and become aware of crime trends in their areas."

Deputy President Ramaphosa told the families of the police officers that the country was behind them.

"May you all find comfort in the knowledge that millions of South Africans truly value your loved ones and the service they rendered with distinction to the people of South Africa and our nation as a whole.

"As the names of your loved ones are engraved today on the monument, please know that your pain and your sacrifices remain engraved in the hearts of all of us as South Africans." V




## Township economy gets a boost

Page 9




## Top female farmers honoured

Page 10

2030 NDP

ALSO AVALAIBLE ON:

ANDROID APP ON Google play

Available on the iPhone App Store

@VukuzenzeleNews

Vuk'uzenzele

Websites: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za
E-mail: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0179

Free Copy

# Munisipale wykskomitees: Wat jy moet weet



Deur wykskomitees kan lede van die gemeenskap insette lewer oor besluite wat in hul plaaslike rade gemaak word.

**Chris Bathembu**

Suid-Afrika het onlangs vrye en regverdige plaaslike regeringsverkiesings gehou. Die fokus is nou op 'n ander belangrike aspek van die plaaslike regeringstelsel in Suid-Afrika, naamlik die samestelling van wykskomitees.

*Vuk'uzenzele* kyk na die rol en funksies van wykskomitees sedert die stelsel in 2005 ingestel is.

Volgens wetgewing moet die eerste vergadering van die pas verkose raad binne 14 dae nadat die verkiesingsuitslae in die Staatskoerant bekendgemaak is plaasvind.

## Wat is wykskomitees?

Wykskomitees word saamgestel uit verteenwoordigers van 'n bepaalde wyk.

Hulle bestaan uit lede wat verskeie belange in die wyk verteenwoordig en staan onder voorsitterskap van die wyksraadslid.

Die bedoeling is dat hierdie komitees 'n geïnstitusionaliseerde kanaal vorm vir kommunikasie en wisselwerking tussen gemeenskappe en munisipaliteite.

Wyke bied gemeenskapslede die geleentheid om hul behoeftes bekend te maak, hul menings te lug oor kwessies wat hul lewens beïnvloed en hulle stemme deur middel van die wyksraadslid op munisipale vlak laat hoor.

Wyke is raadgewende liggame wat binne die sfeer van die burgerlike samelewing geskep is om die wyksraadslid te help om sy of haar mandaat op die mees demokratiese manier moontlik uit te voer.

## Waarom is wykskomitees belangrik?

Wykskomitees is belangrik vir die plaaslikeregeringstelsel omdat dit die skakel tussen die raadslid en die gemeenskap vorm.

Die wykskomiteestelsel speel ook 'n belangrike rol in die uitleef van die beginsel "die mense sal regeer". Dit is omdat plaaslike regering beskou word as die regeringsvlak wat die naaste aan die mense is, en wykskomitees is net een manier om te verseker dat inwoners insette kan lewer in die besluite wat deur die plaaslike rade geneem word.

Die Suid-Afrikaanse Plaaslikeregeringsvereniging (Salga), wat die alleenverteenwoordiger van al die munisipaliteite is, sê die wykskomitees is ook belangrik om verhoudings tussen wyksraadslede en sleutelbelanghebbers soos tradisionele rade en gemeenskapsontwikkelingswerkers op wyksvlak te bevorder.

## Ampstermyn van wykskomitees

Die ampstermyn van wykskomitees stem ooreen met dié van munisipale rade en die munisipaliteit moet so gou moontlik nadat die uitslae van die verkiesing bekendgemaak is, wyksvergaderings belê sodat die belangegroepe in elke wyk identifiseer kan word en die wykskomitees verkies kan word volgens die stelsel wat in elke betrokke munisipaliteit van toepassing is.

## Verkiesing van wykskomitees

Salga het 'n gedragskode vir lede van wykskomitees ontwikkel, wat by alle munisipaliteite beskikbaar is. Munisipale rade moet egter die reëls rakende die verkiesing van wykskomiteelede opstel, insluitend hoe dikwels vergaderings gehou word, asook die sluiting van wykskomitees.

Die Speaker, wat deur die meerderheid van die raadslede verkies word, belê 'n vergadering in die wyk vir die verkiesing van 'n wykskomitee.

Nominasies is oop vir 10, maar nie meer as 15, genomineerdes nie.

## Wat is die funksies van wykskomitees?

Volgens die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, kan 'n wykskomitee aanbevelings aan sy wyksraadslid maak oor enige kwessie wat sy wyk beïnvloed, of deur die wyksraadslid aan die munisipale raad, die uitvoerende komitee of ondersteuningskomitee.

Die wykskomitee word beskou as die statutêre struktuur wat deur die munisipale raad as sy raadgewende liggaam en kommunikasiekanaal erken word oor kwessies wat die wyk raak, insluitend, maar nie beperk nie tot:

- verteenwoordiging van die gemeenskap in die samestelling en implementering van die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP)
- versekering van opbouende en harmonieuse wisselwerking tussen die munisipaliteit en die gemeenskap
- die hantering van alle sake wat die gemeenskap beïnvloed en bevoordeel
- optrede in belang van die gemeenskap en versekering dat die gemeenskap aktief deelneem aan die munisipaliteit se begrotingsproses.

## Die rol van die wykskomitees

Wykskomitees speel 'n belangrike rol om die gaping tussen die munisipaliteit, sy raad en die gemeenskap te oorbrug. Doelwitte van die wykskomitees is onder meer om:

- formele onpartydige kommunikasiekanale en samewerkende vennootskappe tussen die munisipaliteit en die gemeenskap in 'n wyk te skep
- kontak tussen die munisipaliteit en die gemeenskap te verseker deur die gebruik van en betaling vir dienste
- harmonieuse verhoudings tussen die inwoners van 'n wyk, die wyksraadslid, die geografies uiteenlopende gemeenskap en die munisipaliteite te skep
- openbare deelname aan die proses om die ontwikkeling, hersiening en implementering van die munisipaliteit se GOP te fasiliteer
- as 'n raadgewende liggaam op te tree oor raadsbeleid en kwessies wat die gemeenskappe in die wyk beïnvloed
- die implementering van wyksplanne, -programme en wyke se oordeelkundige fondse te monitor (let op dat beheer oor fondse en implementering by die raad berus)
- wyksprogramme te koördineer. V

# Minister wens nuwe raadslede alles van die beste toe

Die Minister van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (Cogta), Des van Rooyen, het die nuwe raadslede alles van die beste toegewens in die uitoefening van hul nuwe verantwoordelikhede.

"Terwyl ek julle almal as demokraties verkose raadslede verwelkom, spoor ek julle ook aan om getrou te bly aan die demokratiese leerstelling, beginsels en etos van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika.

"Ek doen 'n dringende beroep op julle om getrou te bly aan die mandaat van hierdie belangrike sfeer van ons regering, soos deur ons Grondwet as 'n afsonderlike regeringsfeer ingestel is, onderling afhanklik is en interverwant is aan nasionale en provinsiale sfere," het Minister Van Rooyen gesê.

Hy het ook sy vertroue uitgespreek in die raadslede se vermoë om hul pligte uit te voer deur hul gemeenskappe se belange op die hart te dra.

"Ons versoek al 257 munisipaliteite om te verseker dat die vierde termyn (van die demokraties verkose plaaslike regering) gelei word deur die visie van 'n demokratiese en ontwikkelingsgerigte plaaslike regering waarin munisipaliteite hul grondwetlike verpligtinge nakom," het die Minister gesê.

Alle raadslede sal 'n induksieprogram deurloop.

Die induksieprogram sal raadslede in staat stel om vinnig vertroud te raak met hoe die raad werk, die reëls waarvolgens 'n raad funksioneer en die kompleksiteite van die rol. V

# Township-ekonomieë kry 'n hupstoot

EZASE-KASI Business Fridays

Lutando Ndamase

Die Regering het hom verbind tot meer ondersteuning vir township-ekonomieë.

Die Minister in die Presidensie verantwoordelik vir Beplanning, Monitering en Evaluering, Jeff Radebe, het onlangs *EZASE-KASI Business Fridays* bekendgestel. Dit is 'n massiewe veldtog wat daarop gerig is om township-ekonomieë te ondersteun.

*EZASE-KASI*, wat beteken 'van die township' beoog om township-ekonomieë landwyd 'n hupstoot te gee.

Tydens die bekendstelling van die veldtog in Kaapstad het die Minister gesê dat die nuwe program, wat die geesteskind van plaaslike entrepreneur Siyanda Mtulu is, 'n inisiatief is wat daarop gerig is om die stad se ekonomiese aktiwiteite elke Vrydag in die rigting van die townships te stuur.

"Wanneer ons oor Visie 2030 praat, berus dit nie net by die Regering en die privaat sektor nie.

"Wat ek van hierdie inisiatief hou, is dat dit groot sakeondernemings betrek en met sakemense in ons townships verbind sodat dit daardie ekonomieë kan bevorder.

"Ek sien daarna uit om elke Vrydag hierdie inisiatief in aksie te sien, nie net hier in Kaapstad nie, maar regdeur die Republiek van Suid-Afrika," het die Minister gesê.

Die Minister het voorts gesê die *EZASE-KASI Business Fridays* se handelsmerk en die onlangs bekendgestelde handelsmerkidentiteit van die Nasionale Ontwikkelingsplan sal oreenstem om Suid-Afrikaners te mobiliseer en aktief by die NDP en township-ekonomieë te betrek.

**"Wat ek van hierdie inisiatief hou, is dat dit groot sakeondernemings betrek en met die sakemense in ons townships verbind ..."**

Die Adjunkminister van Toerisme, Tokozile Xasa, wat ook die bekendstelling bygewoon het, is van mening dat dit een van die beste inisiatiewe is om ekonomiese groei in townships te ontwikkel. Sy het gesê daar is ook potensiaal vir die ontwikkeling van infrastruktuur, vaardighede en die soort ondersteuning wat nodig is om township-ondernemings 'n hupstoot te gee.

"Daar is geweldig baie ... inheemse vaardighede rakende kunsvlyt en handwerk. Daar is alles waarna toeriste soek wanneer hulle Suid-Afrika besoek," het sy gesê.

Na verwagting sal die program regoor die land geïmplementeer word om township-ondernemings te ondersteun.

Mtulu het Suid-Afrikaners aangespoor om artikels te dra wat in die townships vervaardig word, by restaurante in die townships te gaan eet, aan township-toere deel te neem en goedere by township-ondernemings te koop.

"Dit sal tot gewone Suid-Afrikaners se voordeel strek om werksgeleenthede te skep en bied 'n geleentheid aan groot sakeondernemings om Breedgebaseerde Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB) -maatskappye te ondersteun en met hulle sake te doen, het hy gesê.

Die korttermynversekeringsfirma Santam ondersteun die inisiatief.

Santam se John Lomberg het aangekondig dat die firma mense gaan oplei, met 'n mikpunt van 600 tot 800 entrepreneurs regoor die land.



Minister Jeff Radebe saam met Maymarie du Plessis (links), Makagisho Mtulu, Lwazi Kanta en Justice Maphala tydens die bekendstelling van *EZASE-KASI Business Fridays.*

# Claiming maternity benefits

Sekgabo Kedijang

Learning that you are pregnant is often the most exciting yet life-changing experience in a woman's life. This can also be a daunting and confusing experience for most women and may raise concern about the possible loss of a regular income.

The Unemployment Insurance Fund (UIF) maternity benefit fund allows pregnant women to take four consecutive months of maternity leave and affords financial relief over a short period of time to care for their newborn babies.

To apply, new mothers can go to their nearest labour centre at the start of their maternity leave.

The window period for approval takes approximately six to eight weeks and payments will only be made once the birth date is confirmed.

If new mothers want to claim maternity benefits they must use the following steps:

### Step 1: Get the documents ready

Before new mothers can claim, they must get the following documents ready:

- ID or passport
- Form UI-2.8 for banking details
- Form UI-2.7
- Form UI-2.3 (application form)
- Medical certificate from a doctor or birth certificate of the baby
- Form UI-4 (follow-up form)

### Step 2: Go to the nearest labour centre

Pregnant women must go to the nearest labour centre themselves and hand in the documents. If they are too ill, they can organise for someone else to go in their place. Staff at the labour centre will assist them with all the processes and give them more information.

### Step 3: Follow all the instructions of the staff at the labour centre

Staff at the labour centre may ask pregnant women to go to the doctor again or to visit the labour centre at certain times. Applicants should do what is asked of them, or they may not be able to claim.

### How long can I claim?

Women can claim for 17 weeks.

**Note:** Women who miscarry in the third trimester or have a stillborn child can claim for six weeks.

### How will I be paid?

Benefit payments will be paid into your bank account.

### Will I be taxed?

No tax is payable on the benefits.

### What should I do if I get overpayment?

If you get more money than you should, you must pay back the extra money.

### Important

A person cannot claim for maternity benefits if they receive money from the Compensation Fund for an occupational injury or disease; or any other unemployment fund; or have been suspended from claiming because of fraud.

**For more information contact the call centre on: 0800 843 843/0800 or visit: www.labour.gov.za**